

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederdutch Hervormde Kerk van Afrika



November 2009



Lees binne...

- Ons behoefte aan gelukkige huwelike – 1
- Godsdiensoonderrig in skole – 3
- My werksplek is 'n sendingveld – 6
- Die verhouding tussen die susterskerke – 7

'n Gelukkige huwelik

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Ons behoefte aan gelukkige huwelike (Ds Gawie Wolmarans)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:**
Ons sal weer moet dink oor die huwelik en seksualiteit
Leserskompetisie 5
- Bl 3 **Kerk en wêreld**
Godsdiensoonderrig in skole (Freda Wilkens)
Aandag alle matrieks
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
Vyf tale van die liefde
Randburg saai die saad
Bybelgedeeltes vir die Sangemeenskap
Beroepe aanvaar
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
My werksplek is 'n sendingveld (Dr Frikkie Labuschagne)
Twee lesersbriewe
Die huwelik – die begin en die einde (Ds Anet Dreyer-Krüger)
Die verhouding tussen die susterskerke (Ds Leon Geel)
- Agterblad **Oordenking**
God in ons tyd (Ds Pieter Viljoen)

Ons sal weer moet dink oor die huwelik en seksualiteit

Dr Gerhard Lindeque besin in sy redaksionele berig oor die hedendaagse huwelik.

'n Hele boek in die Bybel, die boek Hooglied, handel oor die seksuele aangetrokkenheid tussen man en vrou. Die blote feit dat hierdie onderwerp op so 'n positiewe wyse in die Bybel hanteer word, sê vir ons dat die mens se seksualiteit ook deel is van ons totale verhouding met God. Die huwelik tussen man en vrou word in die Bybel ook gebruik as 'n metafoor vir God se verhouding met ons.

Die manier waarop ons ons seksualiteit uitleef, word, soos alle ander fasette van ons lewe as gelowiges, ook deur die Gees van God bepaal. *As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe* (Rom 8: 13). En hoe werk die Gees van God anders as deur sy Woord? Daarom kan ons nie anders nie as om ons in hierdie saak deur die Woord te laat lei. In Galasiërs 5: 19-21 word die praktyke van die mens se sondige natuur beskryf, en in Romeine 1: 24-28 word homoseksuele dade onder andere ook genoem as deel van die mens se drange. Dit gaan egter nie net oor homoseksualiteit nie, maar om seksualiteit as sodanig wat hoort binne die ruimte van die huwelik.

Wat bedoel ons dan met die huwelik? Ons kan eenvoudig sê dit is die lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou. Die Bybel blyk hieroor redelik duidelik te wees. Genesis 2: 22 vertel van hoe God een man en een vrou bymekaar bring. Markus 10: 6 verwys ook hierna. Verbintenisse tussen homoseksuele paartjies kan dus nie as 'n huwelik beskou word nie. Dit wil voorkom asof daar geen Bybelse gronde is vir enige ander ruimte vir mense om hul seksualiteit uit te leef as binne die huwelik nie.

Maar dan word die Kerk gekonfronteer met die feit dat al hoe meer paartjies voor die wetlike huwelik saamwoon. Ons het reeds in die openbare media gelees hoe iemand soos Angus Buchan sulke paartjies in 'n sogenaamde kerklike huwelik verbind. Daarby kry ons ook al hoe meer met die situasie te make dat pensioenarisse wat weer 'n lewensmaat gevind het, nie in 'n wetlike huwelik wil tree nie, aangesien dit vir hulle finansiële risiko's inhou. Moet ons as Kerk nie weer dink aan iets soos 'n kerklike huwelik nie?

Artikels wat die **tema van 'n Gelukkige huwelik** verder dra, is *Ons behoefte aan gelukkige huwelike* van ds Gawie Wolmarans en *Die huwelik – die begin en die einde* van ds Anet Dreyer-Krüger.

Godsdiensoonderrig in skole

Freda Wilkens, lid van die Raad vir Gesinsorg en ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, verduidelik wat in die amptelike kurrikulumdokumente oor godsdiensoonderrig in skole voorgeskryf is.

Die terme *godsdien* en *geloof* word in die Lewensoriëntering-leerareaverklaring gebruik om geloofstelsels en wêreldbeskouinge in te sluit. Godsdiensoonderrig in die Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 (Skole) berus op 'n verdeling van verantwoordelikhede tussen enersyds die staat en andersyds godsdienstige groepe en die ouerhuis. Godsdiensoonderrig het dus 'n burgerlike eerder as 'n godsdienstige funksie, en bevorder burgerregte en verantwoordelikhede. Binne die konteks van die Suid-Afrikaanse Grondwet dra godsdiensoonderrig tot die breër onderwysraamwerk by deur in elke leerder die nodige kennis, waardes, houdings en vaardighede te ontwikkel sodat diverse gelowe saam in 'n veelgelowige samelewing kan bestaan. Individue sal besef hulle is deel van 'n groter gemeenskap en sal leer om hul eie identiteit in harmonie met dié van ander te beskou.

Ek is van mening dat dit noodsaaklik is dat ons meer van die ander godsdienste behoort te weet. Dit sal kinders se algemene kennis en kennis oor mense verbreed en terselfdertyd hul eie geloofvoortuiging verskerp. Wat my bekommer, is dat die debat gevoer word asof Bybeloonderrig, soos dit in die vorige bedeling in ons skole onderrig was, onder bespreking is. Die Bybeloonderrigsillabusse van die verlede is opgestel deur mede-Christengelowiges, wat as doel gehad het om Bybeloonderrig so aan ons kinders te bied dat hulle die kind kan lei om tot geloof te kom in Jesus Christus.

Die *geloofslandskap* van kerke wat die Christelike geloof verkondig, lyk tans aansienlik anders as 15 jaar gelede. Die Bybel is vroeër as enigste bron gebruik, en dogma was nie deel van die sillabusse nie. Ouers het selfs geweet in watter kerk die onderwyser van hul kind is. Vandag is dit radikaal anders. Ouers weet nie meer hoe, waar en wat die hul kinders se onderwysers glo nie.

Indien ons ouers en kerke nie besef dat die voorgeskrewe kurrikulum totaal verander het nie, kan hulle iets bevorder of veroordeel sonder om seker te wees wat die inhoud en moontlike afloop daarvan is. Nog erger is dat ouers kan vermoed dat hul kinders soos hulle, toe hulle op skool was, aan Bybeloonderrig blootgestel word, wat glad nie die geval is nie. Indien skole wel Bybeloonderrig soos in die verlede aanbied, is dit "vreemd".

Indien ons wil verseker dat ons kinders tot geloof in Jesus Christus gelei moet word, sal ouers en kerke self Bybeloonderrig en geloofsbegeleiding moet doen. Die plig van die ouer, die doopbelofte wat afgelê word, is aan ons as ouers teruggegee. Ons kan weer met vertroue weet ons is verantwoordelik om te verseker in Wie en waarin ons kinders glo, op Wie hulle kan vertrou en tot Wie hulle kan bid! Watter wonderlike verantwoordelikheid wat nie by ander berus nie, maar by ons as ouers en as kerk van God!

Die verhouding tussen die susterskerke

Ds Leon Geel, sekretaris van die Tussenkerklike Raad, beantwoord in hierdie artikel van die vroeë wat 'n ouderling in 'n vorige uitgawe gevra het.

Daar is gevra na die aard van die verhouding tussen die drie susterskerke en die plek van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK), en na die Belydenis van Belhar wat deur die NG Kerk (NGK) as 'n rigsnoer aanvaar is.

Die Tussenkerklike Raad (TKR; van 1958 tot Februarie 2004 die Tussenkerklike Komitee), se aard word in die grondslag soos volg beskryf: *Die Tussenkerklike Raad is 'n Raad van kerkgenootskappe wat die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf op grond waarvan die kerkgemeenskappe hulle eenheid in Jesus Christus in die Raad tot uitdrukking bring en bevorder deur 'n gesamentlike*

agenda af te handel. Die werksaamhede van die TKR word in die agenda ingedeel onder die punte krities-opbouende gesprek, terreine van samewerking, gesamentlike getuieis en die bevordering van kerklike sake van gemeenskaplike belang in 'n wyer sfeer in die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika.

Vergaderings van die TKR vind twee maal per jaar plaas. Tot einde 2008 is verteenwoordigers van die APK as waarnemers na die vergadering genooi. Tydens die vergadering van die TKR gedurende Februarie 2009 is besluit om die APK te nooi om as lid van die TKR die vergaderings by te woon. Die APK word nie as vierde susterskerk beskou nie. Namate die gesprek in die TKR vorder, sal in die toekoms aandag gegee word aan die stand van sake binne die TKR, veral in die lig van kerklike eenheid (by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika reeds) en die gesprek in die NGK (rakende die Belydenis van Belhar en eenheid in die NGK-familie).

Die vraag na die Belydenis van Belhar is omvangryk en kan nie in een berig ten volle behandel word nie. Kortliks kan die volgende ter inligting wees:

- Die Belydenis van Belhar sien gedurende 1986 die lig vanuit die geleedere van die VGK (Verenigende Gereformeerde Kerk, lid van die NGK-familie).
- Die belydenis word in vyf dele uiteengesit wat telkens, nadat gesê is wat geglo en bely word, afgesluit word met dit wat verwerp word.
- In die begeleidende brief word verskeie opmerkings gemaak. Enkele daarvan is:
 - *Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van 'n spesifieke situasie.*
 - *Ons is daarvan bewus dat die enigste gesag agter so 'n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word die Heilige Skrifte as die Woord van God is.*
 - *Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig.*
 - *Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding, heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.*
- Daar kan nog baie oor die Belydenis van Belhar gesê word. Gegewe die ontstaanstyd kan daar byvoorbeeld 'n groot mate van politieke invloed in die vorming van die belydenis ingelees word.

Die hele aangeleentheid van belydenis, gesag van die belydenis en belydenisvorming is op die agenda van die TKR-vergadering van November 2009. Na afloop van daardie gesprek kan verdere inligting moontlik weer beskikbaar gestel word.

LESERSKOMPETISIE 5

Die wenner van Leserskompetisie nr 3 (September 2009) is mev Bessie Nienaber, Zeerust. Baie geluk! U sal 'n eksemplaar van dr Gert Malan se publikasie *Om die Bybel (beter) te verstaan* in die pos ontvang.

Leserskompetisie 5

Vraag: Waarvoor staan die afkorting TKR?

SMS die antwoord voor 30 November 2009 na **071 229 8903**.

Die prys is die boek *Saam met Petrus op pad* van Johan Smit.